# 1 Uitdruk van lidmaatskapkaartjie vir 'n enkele lid

Op die web blaaier (bv. Internet Explorer, Firefox, Chrome, ens.) gaan na http://www.sasmt-savmo.org.za/maint/




1 Klik op die kieslys item '***Login***'




2 As jy lidmaatskapkaartjies vir 'n gewone sentrum wil druk gebruik jy die linkerkolom. As jy van 'n spesifiek institusionele sentrum is, gebruik jy die regterkolom.

3 Kies jou SAVMO sentrum of institusie en gee die korrekte wagwoord wat voorheen ontvang is.

4 Klik op die '***Login***' knoppie.



of as dit vir ’n institusie was,




5 As jy suksesvol aangemeld het, klik op die kieslys item ***Lidmaatskapkaart*** onder ***Lede*** en ***Enkel*** langsaan.




Die lys van lede van die sentrum verskyn. Jy kan net een daarvan kies deur op die betrokke sirkeltjie te klik.




6 Klik op die "***Gaan voort***" knoppie




7 ’n Dialoog venster behoort oop te maak waarmee jy die gegenereerde pdf dokument kan oopmaak of stoor.

8 In die geval van Internet Explorer (IE) kan jy die volgende sien:




9 Klik op ***OK, Open* of *Save*** om dit oop te maak of te stoor na gelang van jou keuse. Die pdf dokument kan oopgemaak word met 'n pdf leser soos Adobe Reader of Foxit Reader.




10 Druk die bladsy uit (verkieslik op dikker papier), sny die kaartjie uit, vou dit dubbel en plaas in 'n geskikte deurskynende koevertjie van kredietkaart grootte.

11 Indien die kaartjie deur die lid self gedruk gaan word, heg dit aan 'n E-pos boodskap en stuur.

12 Om nog een uit te druk, herhaal vanaf stap 5. Meervoudige uitdruk vir die hele sentrum is ook moontlik: sien hieronder.

## 2 Uitdruk van lidmaatskapkaartjies vir meervoudige lede

Op die web blaaier (bv. Internet Explorer, Firefox, Chrome, ens.) gaan na http://www.sasmt-savmo.org.za/maint/




1 Klik op die kieslys item '***Login***'




2 As jy lidmaatskapkaartjies vir 'n gewone sentrum wil druk gebruik jy die linkerkolom. As jy van 'n spesifieke institusionele sentrum is, gebruik jy die regterkolom.

3 Kies jou SAVMO sentrum of institusie en gee die korrekte wagwoord wat voorheen ontvang is.

4 Klik op die '***Login***' knoppie.



5 As jy suksesvol aangemeld het, klik op die kieslys item ***Lidmaatskapkaart*** onder ***Lede*** en ***Meervoudig*** langsaan.




6 Al die lede van die sentrum word gelys en jy kan meer as een kies.




7 Nadat jy dié gekies het wat jy wil hê deur die ooreenstemmende blokkie langs die naam te merk, klik op die ***Gaan voort*** knoppie.







8 Klik op ***OK, Open of Save*** om dit oop te maak of te stoor na gelang van jou keuse. Die pdf dokument kan oopgemaak word met 'n pdf leser soos Adobe Reader of Foxit.

9 Hierdie dokument bevat nou al die lidmaatskapkaartjies wat jy gekies het elkeen op 'n aparte bladsy en is nie geskik om aan enkele lede te stuur nie. Die bladsye van die pdf dokumente kan met 'n ander program geskei word sodat

elke bladsy 'n aparte dokument vorm. 'n Voorbeeld van so 'n program is pdfsam (pdf split and merge) wat gratis op die Internet beskikbaar is om af te laai en te installeer. Adobe Acrobat kan dit ook doen maar nie Adobe Reader nie.

10 Nadat die bladsye geskei is in aparte dokumente, stuur elke dokument aan die afsonderlike lede om self uit te druk, of druk uit (verkieslik op dikker papier), sny uit, vou en plaas in deurskynende koevertjies van kredietkaart grootte.